

## Saterdag 18 Mei

<b>Skrifgedeelte: Hebreërs 10:1-18</b>	<b>Fokusgedeelte: Hebreërs 10:10-12 (1933/53-vertaling; 2016-Direkte Vertaling)</b>
--	---

### **Kerkhervorming – Zwingli: Christus is net eenmaal geoffer**

Waar ons gister saam met Martin Luther kon oordink dat enkel en alleen die geloof vryspreek, dat die regverdige alleen vanuit die geloof kan lewe, staan ons vandag by die hervormer in Switserland wat daarvoor verantwoordelik was dat die Roomse Mis in Switserland afgeskaf is. Huldrych Zwingli (1484-1531), net 'n jaar jonger as Luther, het in Zürich maar ook verskeie ander gebiede in Switserland sy invloed kon laat geld. Dit wat ons saam met Zwingli uit Hebreërs kan lees, is die feit dat Christus se eenmalige offer van sy liggaam die enigste maar ook voldoende offer was.

In ons gelese gedeelte staan dit so duidelik dat dit wat Christus eenmaal vir ons gedoen het, genoeg is. Vanaf hoofstuk 7 van Hebreërs tot aan die einde van hoofstuk 10 gaan dit daaroor dat Jesus vir ons 'n Hoëpriester is. Hoofstuk 7 sien Hom as 'n Hoëpriester soos Melgisedek. En dan begin hoofstuk 8 tot 10 Jesus se hoëpriesterskap op besondere wyses uiteen te sit. Jesus het met sy offer al die offers van die Ou Testament tot 'n einde gebring. Al die skaduwees wat in die Ou Testament na Christus heengewys het (vgl. Art 25 NGB), het Christus nou eenkant toe geskuif om die volmaakte offer vir ons te bring. Hy het die enigste offer wat daar vir ons gebring kon word, 'n werklikheid gemaak. Ons besef daar was net een so 'n offer nodig en Hy het Homself net een maal geoffer. Ons teksverse onderstreep hierdie eenmaligheid. Vers 10 wys daarop hoe ons deur sy wil geheilig is in sy liggaam wat een maal geoffer is en dit geld eens en vir altyd. Vers 12 onderstreep dit nog weer dat Hy, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, Hy vir altyd aan die regterhand van God gaan sit.

Christus se Hoëpriesterskap moet vir ons in Sondag 30 van die Kategismus die toon aangee. Waar die Roomse Mis voorgee dat Christus nog daaglik deur die priesters geoffer moet word, stel die Heidelbergse Kategismus (v/a 80) dit so duidelik dat ons ter wille van die enige offer van Jesus Christus, wat Hy eens en vir altyd aan die kruis volbring het, volkome vergewing van ons sondes ontvang het. Laat ons saam met Huldrych Zwingli die Mis wat die Kategismus as vervloekte afgodery beskryf, verag en waarlik die Nagmaal reg en troosryk vier.

*Sing: Psalm 103-1:1, 3*

*Ds. PJ Venter (Petrus) (Pretoria)*